# GOVERNMENT NOTICE
# GOEWERMENTSKENNISGEWING

## DEPARTMENT OF HEALTH
## DEPARTEMENT VAN GESONDHEID

**No. R. 700** **29 August 2012**

### HEALTH PROFESSIONS ACT, 1974 (ACT NO. 56 OF 1974)
### REGULATIONS DEFINING THE SCOPE OF THE PROFESSION OF AUDIOLOGY

The Minister of Health has, in terms of section 61 read with section 33(1) of the Health Professions Act, 1974 (Act No.56 of 1974) and on the recommendations of the Health Professions Council of South Africa and the Professional Board for Speech, Language and Hearing Professions, made the regulations in the schedule.

### SCHEDULE

1. **Definitions**

In these regulations **"the Act"** means the Health Professions Act, 1974 (Act 56 of 1974), and any expression to which a meaning has been assigned in the Act bears that meaning unless the context otherwise indicates.

**"board"** means the Professional Board for Speech, Language and Hearing Professions established in terms of section 15 of the Act;

**"section"** means a section of the Act;

"**scope of the profession**" means the complete range of Audiology professional endeavours (within agreed boundaries) that includes the distinctive body of knowledge and skills, abilities and values for which professionals suitably educated and trained, and sufficiently experienced, have autonomy in performance of work; there is public recognition of the authority of the practitioner by virtue of operation within ethical standards, a service orientation, and making expertise available to others;

2. The following acts are hereby specified as acts which shall, for the purpose of the Act, be deemed to be acts pertaining to the scope of the profession of audiology:

**Hearing, auditory and vestibular function**

(1) (a) Assessing and diagnosing dysfunction in hearing, auditory function and vestibular related balance disorders; assessing persons with cochlear implants and middle ear implantable devices; and following up on assessments of persons with cochlear implants and middle ear implantable devices;

(b) Selecting, verifying, fitting, and dispensing hearing aids;

(c) providing a comprehensive program of diagnostic, therapeutic services, devices, counselling, and other management strategies;

(d) diagnosing vestibular disorders and management of vestibular rehabilitation; and

(e) conducting research in audiology.

**Clinical Services**

(2) Audiologists provide clinical services that include the following:

(a) Prevention;
(b) Identification or screening;
(c) Assessment or evaluation;
(d) Consultation;
(e) Diagnosis;
(f) Management;
(g) Counselling;
(h) Collaboration;
(i) record keeping and report writing; and
(j) Referral

Examples of these clinical services include:

(a) using data to guide clinical decision making and determine the effectiveness of services;

(b) making service delivery decisions (e.g., admission/eligibility, frequency, duration, location, discharge/dismissal) across the lifespan;

(c) determining appropriate context(s) for service delivery (e.g., home, school, telepractice, community);

(d) documenting provision of services in accordance with accepted procedures appropriate for the practice setting;

(e) collaborating with other professionals (e.g., identifying neonates and infants at risk for hearing loss); and

(f) serving as expert witnesses.

**Promotion**

(3) promotion of healthy hearing, auditory, and vestibular function; promotion of healthy lifestyle practices to prevent hearing and balance problems e.g. reducing exposure to loud sounds; ear care.

**Prevention**

(4) (a) prevention of hearing loss and protection of hearing function by

designing, implementing, and coordinating occupational, school, and community hearing conservation and identification programs

(b) participating in noise measurements of the acoustic environment to improve accessibility and to promote hearing wellness;

(c) presenting primary prevention information to risk groups; and

(d) providing early identification and early intervention services;

**Advocacy**

(5) (a) Advocacy for communication needs of all persons that may include advocating for the rights of persons suffering from hearing loss, auditory, or vestibular disorders;

(b) Advocacy for issues (i.e., acoustic accessibility) that affect the rights of persons with normal hearing;

(c) Consult with professionals of related services when needed;

(d) Participate in development of an individualized education programme for school-age children or an individualized family service plan for children from birth to 36 months old;

(e) Consult with educators as members of interdisciplinary teams about

communication management, educational implications of hearing loss and other auditory dysfunction, educational programming, classroom acoustics, and large-area amplification systems for children with hearing loss and other auditory dysfunction;

(f) Advocate for social inclusion and participation;

(g) Consult about accessibility for persons with hearing loss and other auditory and vestibular dysfunction in public and private buildings, programs, and services;

(h) Consult with individuals, public and private agencies, and governmental bodies, or as an expert witness regarding legal interpretations of audiology findings, effects of hearing loss and other auditory dysfunction, balance system impairments, and relevant noise-related considerations;

(i) Case management and service as a liaison for the consumer, family, and agencies in order to monitor audiologic status and management and to make recommendations about educational and vocational programming;

(j) Consultant to industry on the development of products and instrumentation related to the measurement and management of auditory or balance function;

(k) Promoting professional services; and

(l) Recruiting potential audiologists;

(m) Active participation in professional organizations to contribute to best practices in the profession.

**Identification**

(6) (a) Identifying dysfunction in hearing, auditory and vestibular systems;

(b) Supervision, implementation, and follow-up of newborn and school hearing screening programs;

(c) Screening for speech, language, cognitive communication disorders, and/or preferred communication modalities that may affect education, health, development or communication, and which may result in recommendations for rescreening or comprehensive speech-language pathology assessment or in referral for other examinations or services;

(d) Identification of persons with, or at risk of suffering from hearing loss and other auditory dysfunction, balance impairments, tinnitus, and associated communication impairments; and

(e) In collaboration with speech-language therapists, identification of persons at risk of developing speech-language impairments.

**Assessment**

(7) (a) Assessing hearing, auditory and vestibular systems;

(b) Conducting and interpreting behavioural, electroacoustic, and electrophysiologic methods to assess hearing, auditory function, balance, and related systems;

(c) Measurement and interpretation of sensory and motor evoked potentials, electromyography, and other electrodiagnostic tests for purposes of neurophysiologic intra-operative monitoring and cranial nerve assessment;

(d) Evaluation and management of persons with auditory-related processing disorders;

(e) Evaluation and non-medical rehabilitation of persons with vestibular -related disorders;

(f) Performance of otoscopy for audiological management or to provide a basis for medical referral;

(g) Cerumen management to prevent obstruction of the external ear canal and amplification devices;

(h) Preparation of reports including interpreting data, summarising findings, generating recommendations and developing an audiologic treatment/ management plan; and

(i) Referrals to other professions, agencies, and/ or consumer organizations.

**Habilitation or Rehabilitation**

(8) (a) Habilitation or rehabilitation of hearing, auditory function, and vestibular related balance systems;

(b) evaluating, selecting, revivifying, fitting and dispensing hearing aid devices;

(c) Assessment of persons suffering from hearing loss, for cochlear implants and provision of fitting, mapping, and audiologic rehabilitation to optimize device use;

(d) Development of a culturally appropriate, audiologic rehabilitative management plan including, where appropriate:

(i) Recommendations for fitting and dispensing sensory aids, hearing aid devices, alerting systems, and captioning devices;
(ii) educating the consumer, family or caregivers in the use and adjustment of sensory aids, hearing aid devices, alerting systems, and captioning devices;
(iii) Counselling relating to psycho social aspects of hearing loss, and other auditory dysfunction, and processes to enhance communication competence;
(iv) Skills training and consultation concerning environmental modifications to facilitate the development of receptive and expressive communication;
(v) Evaluation and modification of the audiologic management plan.

(e) Provision of comprehensive audiologic rehabilitation services, including management procedures for speech and language habilitation or rehabilitation or both habilitation and rehabilatation including but not limited to speech-reading, auditory training, communication strategies, manual communication and counseling for psychosocial adjustment for persons with hearing loss or other auditory dysfunction and their families or caregivers;
(f) Consultation and provision of vestibular and balance rehabilitation therapy to persons with vestibular and balance impairments;
(g) Assessment and non-medical management of tinnitus using biofeedback, behavioral management, technology, and counselling;
(h) Provision of training to professionals of allied services when needed;

(i) Participation in the development of individualized education programmes for school-age children or individualized family service plan for children from birth to 36 months old;
(j) Provision of in-service programs for school personnel, and advising school districts in planning educational programs and accessibility for students with hearing loss and other auditory dysfunction;
(k) Measurement of noise levels and provision of recommendations for environmental modifications in order to reduce the noise level;

(l) Management of the selection, purchase, installation, and evaluation of large-area amplification systems.

(m) Facilitating the process of obtaining funding for equipment and services related to difficulties with hearing, auditory function and balance; and

(n) Serving as case managers, service delivery coordinators, and members of collaborative teams (e.g., individualized family service plan and individualized education program teams, transition planning teams).

**Education and training**

(9) (a) Serving as educators and researchers in audiology;

(b) Educating the public and fostering awareness of hearing, auditory function and balance disorders and the treatment thereof

(c) Providing in-service training to persons suffering from hearing and audiology disorders, their families, caregivers, and other professionals;

(d) Educating, supervising, and mentoring current and future audiologists

(e) Educating, supervising, and managing Audiology assistants and other support personnel;

(f) Measuring functional outcomes, consumer satisfaction, efficacy, effectiveness, and efficiency of practices and programs to maintain and improve the quality of audiologic services;

(g) Designing and conducting basic and applied audiologic research to increase the knowledge base, to develop new methods and programs, and to determine the efficacy, effectiveness, and efficiency of assessment and treatment paradigms; disseminating research findings to other professionals and to the public; and

(h) Serving as expert witnesses

**Administration**

(10) (a) Administering and managing clinical and academic programs;

(b) Participating in the development of policies, operational procedures in the workplace, and professional and technical standards; and

(c) Supervising support personnel.

**Practice settings**

(11) Audiologists provide audiology services in a variety of settings including, but not limited to: day-care facilities; pre-schools; public and private schools; tertiary institutions of education; public and private hospitals; neonatal intensive care units; urban and rural clinics; university clinics; rehabilitation facilities; long term care facilities; behavioural, and mental health facilities; private practices; physician's office; person's residences; communities; industries; military; research facilities; local, provincial, and national institutions and government departments; and hearing aid companies.

**Range of clients or patients**

(12) Audiologists provide audiology services to persons of all age groups, their families, and groups from diverse linguistic and cultural backgrounds.

**3.** The listing of specific areas within these regulations does not exclude emerging areas of practice in this dynamic and continuously developing profession.

**Repeal**

**4.** The regulations published under Government Notice R. 889 in *Government Gazette* 11289 of 5 May 1988 are hereby repealed.

**DR. A MOTSOALEDI, MP**
**MINISTER OF HEALTH**

**No. R. 700** **29 Augustus 2012**

**WET OP GESONDHEIDSBEROEPE, 1974 (WET NO. 56 VAN 1974)**

**REGULASIES WAT DIE OMVANG VAN DIE BEROEP VAN OUDIOLOGIE OMSKRYF**

Die Minister van Gesondheid het kragtens artikel 61, gelees met artikel 33(1), van die Wet op Gesondheidsberoepe, 1974 (Wet No. 56 van 1974), en op aanbeveling van die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika en van die Beroepsraad vir Spraak-, Taal- en Gehoorberoepe die regulasies in die bylae uitgevaardig.

**BYLAE**

**Woordomskrywing**

1. In hierdie bylae beteken "die Wet" die Wet op Gesondheidsberoepe, 1974 (Wet No. 56 van 1974), en het enige uitdrukking waaraan 'n betekenis in die Wet geheg word, daardie betekenis, en, tensy uit die konteks anders blyk, beteken—

"**artikel**" 'n artikel van die Wet;

"**omvang van die beroep**" die volledige reeks oudiologieberoepstake (binne ooreengekome grense) wat die onderskeidende korpus van kennis, vaardighede, vermoëns en waardes behels ten opsigte waarvan beroepspersone wat gepaste onderwys en opleiding en toereikende ervaring het, outonoom werk verrig en ten opsigte waarvan daar openbare erkenning van die gesag van die praktisyn is uit hoofde van werkverrigting volgens etiese standaarde, diensgeoriënteerdheid en die beskikbaarstelling van kundigheid aan andere; en

"**raad**" die Beroepsraad vir Spraak-, Taal- en Gehoorberoepe ingestel kragtens artikel 15 van die Wet.

**Bepaling van handelinge**

2. Die volgende handelinge word hierby bepaal as handelinge wat vir doeleindes van die Wet geag word handelinge te wees wat by die beroep van oudiologie tuishoort:

*Gehoor-, ouditiewe en vestibulêre funksie*

(1) (a) Die evaluering en diagnosering van disfunksie in gehoor, ouditiewe funksie en vestibulumverwante balanssteuring; die evaluering van persone met kogleêre inplantings en middeloorinplantingstoestelle; en opvolgwerk ten opsigte van evaluerings van persone met kogleêre inplantings en middeloorinplantingstoestelle;

(b) die selektering, verifiëring, inplasing en verskaffing van gehoorapparaat;

(c) die verskaffing van 'n omvattende program van diagnostiese en terapeutiese dienste, toestelle, berading en ander bestuurstrategieë;

(d) die diagnosering van vestibulêre steurings en die bestuur van vestibulêre rehabilitasie; en

(e) navorsing in oudiologie.

*Kliniese dienste*

(2) Die verskaffing van kliniese dienste, wat die volgende insluit:

(a) Voorkoming;
(b) identifisering of sifting;
(c) assessering of evaluering;
(d) konsultasie;
(e) diagnosering;
(f) bestuur;
(g) berading;
(h) samewerking;
(i) rekordhouding en verslagskrywing; en
(j) verwysing.

Voorbeelde van hierdie kliniese dienste sluit in—

(i) die gebruik van data om kliniese besluitneming te rig en die doeltreffendheid van dienste te bepaal;

(ii) die neem van diensleweringsbesluite (bv. opname/kwalifisering vir opname, frekwensie, duur, ligging, ontslag) gedurende die lewensduur;

(iii) die bepaling van gepaste konteks(te) vir dienslewering (bv. tuis, skool, telepraktyk, gemeenskap);

(iv) die dokumentering van dienste ooreenkomstig aanvaarde prosedures wat vir die praktykomgewing geskik is;

(v) samewerking met ander beroepslui (bv. die identifisering van pasgeborenes en babas wat die gevaar van gehoorverlies loop); en

(vi) optrede as deskundige getuies.

*Bevordering*

(3) (a) Die bevordering van gesonde gehoor-, ouditiewe en vestibulêre funksie;

(b) die bevordering van 'n gesonde lewenstyl ten einde gehoor- en balansprobleme te voorkom, byvoorbeeld deur blootstelling aan harde geluide te verminder; en

(c) oorsorg.

*Voorkoming*

(4) (a) Die voorkoming van gehoorverlies en die beskerming van die gehoorfunksie deur gehoorbehouds- en identifiseringsprogramme vir die beroepslewe, skool en gemeenskap te ontwerp, te implementeer en te koördineer;

(b) deelname aan geraasmeting in die akoestiese omgewing ten einde toegang tot gehoorgesondheid te verbeter en gehoorgesondheid te bevorder;

(c) primêre voorkomingsinligting te verskaf aan risikogroepe; en

(d) die verskaffing van vroeë-identifikasie- en vroeë-intervensiedienste;

*Voorspraak*

(5) (a) Voorspraak vir gemeenskapsbehoeftes van alle persone, wat voorspraak kan insluit vir die regte van persone wat aan gehoorverlies of ouditiewe of vestibulêre steurings ly;

(b) voorspraak ten opsigte van vraagstukke (bv. akoestiese toeganklikheid) wat die regte van persone met normale gehoor raak;

(c) konsultasie met beroepslui uit verwante dienste, wanneer nodig;

(d) deelname aan die ontwikkeling van 'n geïndividualiseerde onderwysprogram vir kinders van skoolgaande ouderdom of 'n geïndividualiseerde gesinsdiensplan vir kinders van geboorte tot 36 maande;

(e) konsultasie met opvoeders as lede van interdissiplinêre spanne oor kommunikasiebestuur, die opvoedkundige implikasies van gehoorverlies en ander ouditiewe disfunksie, onderwysbeplanning, klaskamer-akoestiek en grootgebied-klankversterkingstelsels vir kinders met gehoorverlies en ander ouditiewe disfunksie;

(f) voorspraak vir maatskaplike insluiting en deelname;

(g) konsultasie oor die toeganklikheid van openbare en private geboue, programme en dienste vir persone met gehoorverlies en ander ouditiewe en vestibulêre disfunksie;

(h) konsultasie met individue, openbare en private agentskappe, en owerheidsliggame, of as deskundige getuie, in verband met regsvertolkings van oudiologiese bevindings, die effekte van gehoorverlies en ander ouditiewe disfunksie, balansstelselaantastings en toepaslike geraasverwante oorwegings;

(i) gevallebestuur en diens as 'n skakelpersoon vir die verbruiker, gesin en agentskappe ten einde oudiologiese status en die bestuur daarvan te monitor en aanbevelings te doen oor onderwys- en beroepsprogrammering;

(j) optrede as konsultant in die nywerheid oor die ontwikkeling van produkte en instrumentasie in verband met die meting en bestuur van ouditiewe of balansfunksie;

(k) die bevordering van professionele dienste;

(l) die werwing van potensiële oudioloë; en

(m) aktiewe deelname aan professionele organisasies ten einde by te dra tot beste praktyke in die beroep.

*Identifisering*

(6) (a) Die identifisering van disfunksie in gehoor-, ouditiewe en vestibulêre stelsels;

(b) toesig, implementering en opvolgwerk met betrekking tot siftingsprogramme vir pasgeborenes en by skole;

(c) sifting vir spraak-, taal- en kognitiewe kommunikasiesteurings, en/of voorkeur-kommunikasiemodaliteite wat onderwys, gesondheid, ontwikkeling of kommunikasie kan affekteer en wat kan lei tot aanbevelings van hersifting of omvattende evaluering vir spraak-taal-patologie of tot verwysings vir ander ondersoeke of dienste;

(d) die identifisering van persone met, of wat die gevaar loop om te ly aan, gehoorverlies en ander ouditiewe disfunksie, balansaantastings, tinnitus en gepaardgaande kommunikasieaantastings; en

(e) die identifisering, in samewerking met spraak-taal-terapeute, van persone wat die gevaar loop om spraak-taal-aantastings te ontwikkel.

*Evaluering*

(7) (a) Die evaluering van gehoor-, ouditiewe en vestibulêre stelsels;

(b) die gebruik en interpretasie van gedrags-, elektroakoestiese en elektrofisiologiese metodes om gehoor, ouditiewe funksie, balans en verwante stelsels te evalueer;

(c) die meting en interpretasie van sensories en motories uitgelokte potensiale, elektromiografie en ander elektrodiagnostiese toetse vir doeleindes van neurofisiologiese intraoperatiewe monitering en die evaluering van die kraniale senuwee;

(d) die evaluering en bestuur van persone met ouditief-verwante prosesseringsteurings;

(e) die evaluering en niemediese rehabilitasie van persone met vestibulumverwante steurings;

(f) die uitvoer van otoskopieë vir oudiologiese bestuur of om 'n basis vir mediese verwysing te verskaf;

(g) serumenbestuur ten einde obstruksie van die uitwendige oorkanaal en klankversterkingstoestelle te voorkom;

(h) die opstel van verslae, met inbegrip van die interpretasie van data, die opsom van bevindings, die opstel van aanbevelings en die ontwikkeling van 'n oudiologiese behandelings-/bestuursplan; en

(i) verwysings na ander beroepe, agentskappe en/of verbruikersorganisasies.

*Habilitasie of rehabilitasie*

(8) (a) Die habilitasie of rehabilitasie van gehoor, ouditiewe funksie en vestibulumverwante balansstelsels;

(b) die evaluering, selektering, verfrissing, inplasing en verskaffing van gehoorapparate;

(c) die evaluering van persone met gehoorverlies vir kogleêre inplantings en die inplasing, roetering en oudiologiese rehabilitasie om apparaatgebruik te optimeer;

(d) die ontwikkeling van 'n kultureel gepaste, oudiologies rehabiliterende bestuursplan wat, waar gepas, die volgende insluit:

(i) Aanbevelings vir die inplasing en verskaffing van sensoriese hulpmiddels, gehoorapparate, waarskuwingstelsels en skriftoestelle;

(ii) opvoeding van die verbruiker, gesin of versorgers in die gebruik en verstelling van sensoriese hulpmiddels, gehoorapparate, waarskuwingstelsels en skriftoestelle;

(iii) berading met betrekking tot die psigososiale aspekte van gehoorverlies en ander ouditiewe disfunksie, en prosesse om kommunikasievermoë te verbeter;

(iv) vaardigheidsopleiding en konsultasie rakende omgewingsaanpassings ten einde die ontwikkeling van reseptiewe en ekspressiewe kommunikasie te vergemaklik; en

(v) die evaluering en aanpassing van die oudiologiese bestuursplan;

(e) die verskaffing van omvattende oudiologiese rehabilitasiedienste, met inbegrip van bestuursprosedures vir spraak- en taalhabilitasie of -rehabilitasie, of sowel sodanige habilitasie as sodanige rehabilitasie, wat

insluit, maar nie beperk is nie tot, spraaklees, ouditiewe opleiding, kommunikasiestrategieë, handmatige kommunikasie en berading vir psigososiale aanpassing vir persone met gehoorverlies of ander ouditiewe disfunksie en hulle gesinne of versorgers ;

(f) konsultasie met en die verskaffing van vestibulêre en balansrehabilitasieterapie aan persone met vestibulêre en balansaantastings;

(g) die evaluering en niemediese bestuur van tinnitus deur middel van bioterugvoering, gedragsbestuur, tegnologie en berading;

(h) die gee van opleiding aan beroepslui uit verwante dienste, wanneer nodig;

(i) deelname aan die ontwikkeling van geïndividualiseerde onderwysprogramme vir kinders van skoolgaande ouderdom of geïndividualiseerde gesinsdiensplanne vir kinders van geboorte tot 36 maande oud;

(j) die verskaffing van indiensprogramme aan skoolpersoneel en advieslewering aan skooldistrikte by die beplanning van onderwysprogramme en toegang vir studente met gehoorverlies en ander ouditiewe disfunksie;

(k) die meting van geraasvlakke en die doen van aanbevelings oor omgewingsaanpassings ten einde die geraasvlak te verlaag;

(l) die bestuur van die kies, aankoop, installering en evaluering van grootgebied-klankversterkingstelsels;

(m) die fasilitering van die proses van die verkryging van toerusting en dienste ten opsigte van probleme met gehoor, ouditiewe funksie en balans; en

(n) optrede as gevallebestuurders, diensleweringskoördineerders en lede van samewerkingspanne (bv. geïndividualiseerde gesinsdiensplanne en geïndividualiseerde onderwysprogramspanne, oorgangsbeplanningspanne).

*Onderwys en opleiding*

(9) (a) Diens as opvoeders en navorsers in oudiologie;

(b) opvoeding van die publiek oor en die aankweek van bewustheid van steurings van gehoor, ouditiewe funksie en balans, en die behandeling daarvan;

(c) die verskaffing van indiensopleiding aan persone met gehoor- en oudiologiese steurings, hulle gesinne, versorgers en ander beroepslui;

(d) onderrig aan, toesig oor en mentering van huidige en voornemende oudioloë;

(e) onderrig aan, toesig oor en bestuur van oudiologie-assistente en ander ondersteuningspersoneel;

(f) die meting van funksionele uitkomste, verbruikerstevredenheid, effektiwiteit en doelmatigheid van praktyke en programme om die gehalte van oudiologiedienste te handhaaf en te verbeter;

(g) die ontwerp en doen van basiese en toegepaste oudiologiese navorsing ten einde die kennisbasis te vergroot, nuwe metodes en programme te ontwikkel, en die effektiwiteit van evaluerings- en behandelingsparadigmas te bepaal, navorsingsbevindings te versprei onder ander beroepslui en die publiek; en

(h) optrede as deskundige getuie.

*Administrasie*

(10) (a) Die administrasie en bestuur van kliniese en akademiese programme;

(b) deelname aan die ontwikkeling van beleide, bedryfsprosedures in die werkplek, en beroeps- en tegniese standaarde; en

(c) toesig oor ondersteuningspersoneel.

*Praktyksomgewing*

(11) Die verskaffing van oudiologiedienste in 'n verskeidenheid van omgewings, wat insluit, maar nie beperk is nie tot, dagsorgfasiliteite, voorskoolse instellings, openbare en private skole, tersiêre onderwysinstellings, openbare en private hospitale, neonatale intensiewesorgeenhede, stedelike en landelike klinieke, universiteitsklinieke, rehabilitasiefasiliteite, langtermynsorgeenhede, gedrags- en geestesgesondheidsfasiliteite, private praktyke, dokterskamers, private huise, gemeenskappe, nywerhede, militêre instellings, navorsingsfasiliteite, plaaslike, provinsiale en nasionale instellings en staatsdepartemente, en gehoorapparaatmaatskappye.

*Reikwydte van kliënte of pasiënte*

(12) Die verskaffing van oudiologiedienste aan persone van alle ouderdomsgroepe, hulle gesinne en groepe uit uiteenlopende taal- en kultuuragtergronde.

Die vermelding van bepaalde terreine in hierdie regulasies sluit nie ontluikende praktyksterreine in hierdie dinamiese en voortdurend ontwikkelende beroep uit nie.

**Herroeping**

3. Die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing No. R. 889 van 5 Mei 1988 in *Staatskoerant* 11289 word hierby herroep.

**DR. A MOTSOALEDI, LP**
**MINISTER VAN GESONDHEID**

Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001
Publications: Tel: (012) 334-4508, 334-4509, 334-4510
Advertisements: Tel: (012) 334-4673, 334-4674, 334-4504
Subscriptions: Tel: (012) 334-4735, 334-4736, 334-4737
Cape Town Branch: Tel: (021) 465-7531

Gedruk deur en verkrygbaar by die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Privaatsak X85, Pretoria, 0001
Publikasies: Tel: (012) 334-4508, 334-4509, 334-4510
Advertensies: Tel: (012) 334-4673, 334-4674, 334-4504
Subskripsies: Tel: (012) 334-4735, 334-4736, 334-4737
Kaapstad-tak: Tel: (021) 465-7531

35635—**1**